



DIE VOORGESTELDE KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET

Sake vir openbare bespreking



Ministerie van
Geslagsgelykheid en
Kinder Welsyn



LEGAL ASSISTANCE CENTRE

unicef 

unite for children



OORSIG OOR DIE VOORGESTELDE KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET

Die hoofwet oor kinders in Namibië is die Kinderwet 33 van 1960, wat van Suid-Afrika geërf is met onafhanklikheid. Hierdie wet is baie oud. Die Minister van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn wil die ou wet met die nuwe Kindersorg- en Beskermingswet vervang. Die nuwe wet behoort Namibiese kinders beter te beskerm en te ondersteun.

Sleutelbegrippe in die voorgestelde Kindersorg- en Beskermingswet

Definisie van “kind”: ’n kind word gedefinieër as iemand onder die ouderdom van 18 jaar, maar op watter ouderdom moet ’n persoon ’n volwassene word in die oë van die wet: 18, 21, of ’n ander ouderdom?	Oorhoofse doelwitte en leidende beginsels: watter beginsels moet vir kinderregte geld? Hoe weet ons watter besluite is in ’n kind se beste “belang”?	Kinderwelsyn Adviesraad: ’n groep kenners aangestel deur die regering om die implementering van die wet oor kindersake te monitor, en te adviseer oor sake rakende kinders
Kinderombudsman: ’n nuwe regeringsamptenaar wat klagtes oor die skending van kinderregte ondersoek	Kinderhowe: maatreëls om hofprosedures vir kinders gemakliker te maak en te verseker dat kinders kan deelneem in besluite wat hulle raak	Ouerskapplanne: maatreëls om ouers en ander versorgers te help om ooreenkomste oor sake soos toesig, toegang en onderhoud te reel as ’n manier om verdere dispute te voorkom
Voorkoming en vroeë intredienste: maatreëls om families te help om vroegtydig probleme wat kinders kan seermaak aan te spreek voordat hulle te ernstig raak	Kinderbeskerming: maatreëls om kinders van hulle gewone huise te verwyder en hulle in alternatiewe sorg te plaas wanneer dit nodig is vir hulle veiligheid en beskerming	Voogskap: maatreëls om kinders in die sorg van persone te plaas wat in die plek van ouers optree, hetsy tydelik, of vir langer periodes
Fasiliteite vir die sorg van kinders: fasiliteite wat onder die nuwe wet geregistreer moet wees: (1) Plekke van veiligheid: plekke waar kinders in nood tydelik kan bly (2) Kinderhuise: instellings wat verblyfsorg aan kinders verskaf (3) Opvoedkundige en beroepsopleidingsinstellings: veiliger instellings vir kinders met gedragsprobleme en jeugoortreders (4) Oornagverblyfplekke: plekke wat dienste voorsien en oornagverblyf bied vir straatkinders en ander kinders in nood (5) Versorgingsplekke: plekke wat korttermynsorg voorsien, soos babasorg en dagsorgsentrums	Aanneming: reëls, maatreëls en sekerheidsmaatreëls vir die aanneming van kinders deur Namibiese burgers en burgers van ander lande	Kindervervoer: maatreëls vir die beskerming van kinders wat van een plek na ’n ander vervoer word vir die doel van uitbuiting
Toestemming vir mediese behandeling: bepaling van die ouderdom waarop kinders sonder die toestemming van ouers toegang kan kry tot mediese versorging, voorbehoedmiddels en swangerskap- en MIV-virus toetsing	Lyfstraf: reëls om ouers en ander versorgers te help om dissipline toe te pas sonder om hulle te mishandle	Kinderbeskermingsregister: ’n voorstel om ’n amptelike rekord van gevalle van kindermishandeling en van individue wat nie met kinders behoort te werk nie te stig
Ander beskermingsmaatreëls: beskermingsmaatreëls vir kinders in besondere kwesbare situasies (1) Kinderbeheerde huishoudings: reëls om huishoudings te ondersteun waar geen verantwoordelike volwassene die kinders kan versorg nie (2) Ergste vorme van kinderarbeid: optrede wat gemik is om die seksuele en ekonomiese uitbuiting van kinders te voorkom (3) Kinderveiligheid by plekke van ontspanning: veiligheidsmaatreëls by geleenthede waar die waarskynlikheid hoog is dat groot getalle kinders dit sal bywoon (4) Kriminele oortredings: gedrag wat gepaard gaan met kindermishandeling en kinderverwaarlosing		

Daar mag ook ander sake wees wat in die konsepwet ingesluit behoort te word voordat dit in die Parlement ter tafel gelê word.

Sedert onafhanklikheid, het Namibië verskeie sleutel-internasionale ooreenkomste oor kinderregte onderteken, insluitende die **Verenigde Nasies (VN) Konvensie oor die Regte van die Kind** en die **Afrika Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind**. ’n Nuwe wet oor kinders moet hierdie internasionale verpligtinge ondersteun.

JY KAN HELP OM DIE VOORGESTELDE KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET TE VERBETER

Die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn wil seker maak dat die beplande Kindersorg- en Beskermingswet toepaslik is tot die sake wat betrekking het op kinders in Namibië vandag. Om dit te doen het die Ministerie jou insette nodig.

Ons sal inligting oor die voorgestelde nuwe wet in koerante, op die radio, deur gemeenskapsorganisasies en deur werksinkels in verskillende dele van die land versprei.

Ons vra dat jy ons vertel van probleme wat kinders in jou gemeenskap ondervind. Ons wil graag jou opinie oor die voorstelle vir die nuwe wet hê. Ons wil weet of jy ander punte kan identifiseer wat in die wet ingesluit behoort te word.

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn (061-2833111) of die Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, gefasiliteer deur die Legal Assistance Centre en ondersteun deur UNICEF.





DIE DEFINISIE VAN 'N "KIND"

WANNEER MOET 'N KIND 'N VOLWASSENE WORD?

DIE DEFINISIE VAN 'N KIND

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet definieer 'n kind as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Die VN Konvensie oor die Regte van die Kind en die Afrika Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind definieer ook 'n "kind" as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar.



DIE OUDERDOM VAN VOLWASSENHEID

Daar is 'n ander reël oor die "ouderdom van volwassenheid" in Namibië wat in 1972 op 21 vasgestel is deur 'n wet genaamd die Ouderdom van Volwassenheid Wet.

Wat is die ouderdom van volwassenheid?

In Namibië is 'n persoon wat onder die ouderdom van 21 is, 'n "minderjarige" en 'n persoon wat die ouderdom van 21 bereik het, 'n "meerjarige". 'n **Persoon wat 'n meerjarige is, is wettiglik 'n volwassene**. Dit beteken dat mense wat die ouderdom van meerjarigheid bereik het kontrakte kan aangaan, hofsake kan begin en ander wettige aksies onafhanklik kan uitvoer. 'n Minderjarige kan hierdie dinge slegs doen met die bystand van 'n ouer of voog.

Wat is moontlik vir 'n minderjarige om te doen?

Minderjariges kry geleidelik sekere spesifieke regte soos hulle volwasse raak. Hulle word geleidelik meer soos volwassenes behandel selfs voor die ouderdom van 21, en mag toestem tot seksuele aktiwiteite.

'n Minderjarige wat ten minste 16 jaar oud is, kan

- ☉ 'n testament opstel
- ☉ 'n bankrekening oopmaak en bedryf
- ☉ toestem tot seksuele aktiwiteit

'n Minderjarige wat ten minste 18 jaar oud is, kan

- ☉ enige tipe werk doen
- ☉ bestuur
- ☉ alkohol koop
- ☉ dobbel
- ☉ 'n vuurwapenlisensie bekom
- ☉ onafhanklike toestemming tot mediese behandeling gee
- ☉ stem (alhoewel 'n persoon die ouderdom van 21 moet wees om vir 'n openbare posisie te staan)
- ☉ vir 'n oortreding verhoor word as 'n volwasse en opgesluit word in 'n tronk met volwassenes.

Wat is nie moontlik vir 'n minderjarige om te doen nie?

Minderjariges kan sekere wetlike aksies begin net met die toestemming of bystand van 'n ouer of voog.

- ☉ 'n Volwassene kan **nie kontrakte aangaan** sonder die bystand van 'n ouer of voog nie. Kontrakte aangegaan deur minderjariges sonder bystand is normaalweg nie wetlik afdwingbaar nie. Dit is een van die sleutelbeperkings wat minderjariges wat op hulle eie lewe en werk in die gesig staar.
- ☉ 'n Minderjarige kan nie normaalweg alleen 'n **hofsake aangaan of verdedig nie**.
- ☉ Minderjariges kan nie in die huwelik tree sonder die toestemming van hul verantwoordelike ouers of voogde nie.
- ☉ 'n Minderjarige kan nie land **verkoop of verpand** nie.
- ☉ Minderjariges kan nie **geld of eiendom wat hulle geërf het** sonder die bystand of die leiding van 'n volwassene bestuur nie.

'n 18-jarige kan stem, bestuur, drink, 'n wapen besit en opgesluit word in 'n polisiecel met volwassenes, maar het steeds oerbystand nodig om 'n selfoonkontrak te onderteken.

Wat doen ander lande

Die meeste ander lande stel die ouderdom van volwassenheid op 18 vas. Die Verenigde Nasies moedig lande aan om die definisie van "kind" en die ouderdom van volwassenheid te harmoniseer as hulle nie alreeds dieselfde is nie. Dit help dat kinders nie enige van hulle spesiale wettige beskermingsmaatreëls verloor voordat hulle volledige volwasse regte bekom nie. In Suid-Afrika het nuwe kinderwetgewing onlangs die ouderdom van volwassenheid van 21 tot 18 verlaag.

WAT IS DIE VOOR- EN NADELE OM DIE OUDERDOM VAN VOLWASSENHEID VAN 21 TOT 18 TE VERLAAG?

Sekere argumente teen die verlaging van die ouderdom van volwassenheid:

- ☉ Die verlaging van die ouderdom van volwassenheid sal beteken dat persone van 18 tot 20 jaar oud sekere wettige beskerming sal verloor. Byvoorbeeld, kontrakte wat hulle onderteken sal wetlik-afdwingbare dokumente word sodat hulle geen weg sou kon vind om nie hulle wetlike verpligtinge na te kom nie.
- ☉ Baie individuele wette voorsien alreeds aan 18-jariges toestemming om volwasse dinge te doen, soos om te bestuur en te stem.
- ☉ Kinders wat bo 18 is, en wat miskien nog op skool is, sal op hul eie moet aansoek doen vir onderhoud.
- ☉ 'n Verlaagde ouderdom van volwassenheid kan ouer-kontrole verminder oor leerlinge wat mondig is maar nog steeds deur hulle ouers onderhou word.

Sekere argumente vir die verlaging van die ouderdom van volwassenheid:

- ☉ Die verandering sal beteken dat 18 tot 20 jariges in staat sal wees om boukontrakte te teken, eie eiendom te bekom, wetlike aksies te onderneem, en ander persoonlike en besigheidbesluite te neem sonder die toesig van hulle ouers of voogde. Dit sal die werklikheid weerspieël dat baie 18 tot 20 jarige Namibiërs alreeds werk, onafhanklik van hulle ouers leef, vir hulle broers, susters of eie kinders sorg, en ander verantwoordelikhede van volwassenheid onderneem.
- ☉ Die verandering sal die Namibiese wet meer ooreenstemmend maak met die plaaslike werklikheid wat volwassenheid betref.
- ☉ Die verandering sal Namibië in lyn bring met die internasionale wet en die wette van die meeste ander nasies.

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591
 E-pos: CCPA@lac.org.na
 Faks: 088613715
 Posadres: Posbus 604, Windhoek





KINDERS MET BEHOEFTE AAN BESKERMING

Definisie

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet definieer 'n kind met behoefte aan beskerming as 'n kind:

- ☉ wat verlate of wees is, waar daar nie genoegsame voorsiening gemaak is vir die versorging van die kind nie
- ☉ in 'n toestand van fisiese of verstandelike verwaarloosing is.
- ☉ wat betrokke is in 'n gedragspatroon wat skadelik is, waar die ouer, die voog of die versorger onbevoeg of onwillig is om daardie gedrag te beheer.
- ☉ wat leef of werk op die strate of bedel om 'n bestaan te voer
- ☉ wat blootgestel is aan omstandighede wat die kind se fisiese, verstandelike of sosiale welsyn ernstig beskadig
- ☉ wat mag blootgestel word aan die risiko van soortgelyke skade as die kind in die toesig van die ouer, voog of versorger terug gebring word.
- ☉ wat moontlik mishandel of verwaarloos word.

Meer as 400 kinders in Windhoek alleen met behoeftes aan beskerming word elke jaar gevind en in alternatiewe sorg geplaas.

ONDERWERP VIR BESPREKING: Watter soort probleme stel kinders in hulle eie huishoudelike omgewings in gevaar?

Argumente VIR verpligte rapportering	Argumente TEEN verpligte rapportering
Kinders benodig spesiale beskerming omdat hulle minder bevoeg is as volwassenes om hulself te help.	Kinders, ouers of hulle versorgers mag huiwerig wees om hulp te soek, veral mediese aandag, as hulle weet dat dit sal lei tot die rapportering van die mishandeling of verwaarloosing.
Verpligte rapportering sal die getalle van kinder mishandeling en verwaarloosing wat aan die owerhede gerapporteer word, verhoog.	Verpligte rapportering mag tot verdere mishandeling lei as 'n reaksie op die rapportering daarvan.
Namibië het 'n verpligting om kinders te beskerm. Alle mense moet betrokke wees om hierdie doel te bereik.	Verpligte rapportering is feitlik nie forseerbaar nie. Dit sal moeilik wees om te bewys dat 'n persoon mishandeling vermoed het maar versuim het om dit te rapporteer.
Verpligte rapportering verhoog bewuswording oor die behoefte vir elkeen in die gemeenskap om saam te werk om kinders te beskerm.	Verpligte rapportering mag die familie ontmagtig deurdat kinders en hulle familie die geleentheid ontnem word om ander maniere te vind om die mishandeling te beëindig.

Wat doen ander lande?

Volgens die Suid Afrikaanse Kinderwet van 2005 is rapportering verpligtend deur persone wat professioneel met kinders werk, en vrywillig deur enigen anders. In die Verenigde State van Amerika (VSA), word daar van alle 50 state verpligte rapportering vereis deur 'n reeks professionele beroepe. In Kenia en Nieu Seeland vind die teenoorgestelde plaas, en alle rapportering is vrywillig.

Verpligte rapportering

Kindermishandeling en -verwaarloosing vind gewoonlik privaat plaas, in 'n huis, met geen getuies anders as die ouers en die kinders nie. Rapporteringswette is ontwikkel om gevalle van moontlike verkeerde dade onder die aandag te bring van die publieke owerhede wat in 'n posisie is om te help. Verpligte rapporteringswette is wette wat vereis dat mense sake rapporteer as hulle vermoed dat 'n kind mishandel word. Vrywillige aanmeldingswette is wette wat mense aanmoedig om gevalle te rapporteer as hulle vermoed dat 'n kind mishandel word.

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet sê dat daar verpligte rapportering moet wees deur all persone wat "redelik glo" dat 'n kind "dalk behoefte het aan beskerming".

Hierdie vereistes vervang alle reëls oor professionele vertroulikheid behalwe vir vertroulike besprekings tussen regsgeleerdes en hulle kliënte. 'n Boete van tot N\$20 000 of tronkstraf tot en met 5 jaar (of albei) kan opgelê word vir versuim van rapportering.

SAKE VIR BESPREKING

- ☉ Moet die rapportering van kinders met behoefte aan beskerming verpligtend of vrywillig plaasvind?
- ☉ Moet daar verskillende reëls oor rapportering vir verskillende mense wees, soos byvoorbeeld verpligte rapportering vir professionele beroepe wat met kinders werk en vrywillige rapportering vir die algemene publiek?
- ☉ Is daar 'n gevaar dat siek of beseerde kinders nie die mediese aandag gaan kry wat hulle nodig het nie indien daar van dokters en verpleegkundiges vereis word om die dokter-pasiënt vertroulikheid te verbreek en verslag te gee?
- ☉ As verpligte rapportering vereis word, beteken dit dat een ouer mishandeling moet rapporteer wat deur die ander ouer gepleeg is. Versuiming van die rapportering van mishandeling is strafbaar. Sal dit redelik wees om hierdie ouer te straf? Wat as dié ouer ook deur die ander ouer mishandel of aangerand is?
- ☉ Is 'n kriminele boete die beste straf vir versuiming om te rapporteer of is daar 'n beter straf maatreël wat toegepas kan word?

Hulp aan 'n kind met behoefte aan beskerming

Onder die wetsontwerp, as 'n maatskaplike werker se ondersoek rede tot kommer wek, sal die Kinderhof 'n verhoor hou om te besluit of die kind 'n behoefte aan beskerming het. 'n Kind wat in gevaar is kan in 'n tydelike plek van veiligheid geplaas word totdat die Kinderhof verhoor afgehandel is. Kinders wat volwasse genoeg is sal 'n kans het om hulle opinie tydens die verhoor te lug. Indien die hof bevind dat dit 'n risiko van gevaar vir die kind inhou kan die hof 'n bevel uitreik wat bepaal hoe die kind beskerm moet word. Die kind kan moontlik terug gestuur word na sy normale tuiste met 'n bevel vir maatskaplike toesig en familieberading. Die kind mag moontlik verwyder word van die normale tuiste en in alternatiewe sorg geplaas word, soos by 'n pleeg familie of in 'n kindershuis. Die hof mag ook 'n spesieke persoon beoedrig om kindermishandeling stop te sit of om nie kontak met die kind te hê nie. Daar is baie opsies. Die opdrag sal afhang van die situasie.

VERSLAG VAN 'N KIND MET BEHOEFTE AAN BESKERMING GEMAAK AAN 'N MAATSKAPLIKE WERKER OF DIE POLISIE



SAKE VIR BESPREKING

- ☉ Wat kan gedoen word om te verhoed dat kinders uit hulle huishoudings verwyder word terwyl hulle nog veilig gehou kan word?
- ☉ As 'n kind uit haar/sy huishouding verwyder word, waar moet die kind geplaas word?
- ☉ As die kind uit die normale huishouding verwyder moet word, wat kan gedoen word om die onderliggende probleme op te los en om die familie te verenig?
- ☉ Moet verpligtende monitordienste deur maatskaplike werkers gelewer word om alle hofsake rakende kinderbeskerming op te volg?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek





TOESTEMMING VIR MEDIESE BEHANDELING VOORBEHOEDMIDDELS EN TOETSING

(1) Toestemming vir mediese behandeling

Die huidige ouderdom vir toestemming tot mediese behandeling en chirurgiese operasies is 18. Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet sal egter voorsiening daarvoor maak dat kinders toestemming vir **mediese behandeling** kan gee as hulle ten minste 14 jaar oud is EN verantwoordelik genoeg is om die voordele, risiko's en implikasies van die behandeling te verstaan. Maar in gevalle waar 'n **operasie** nodig is, moet die ouer of voog ook toestemming gee.

Wat doen ander lande?

In Suid-Afrika is die ouderdom vir toestemming vir mediese behandeling 12, maar die kind moet verantwoordelik genoeg wees en 'n ouer of voog moet ook toestemming gee vir chirurgiese operasies. In Kenia is die ouderdom vir toestemming 15 jaar. Kinders in Nieu Seeland kan op ouderdom 16 toestemming gee vir behandeling, of selfs vroeër as hulle optrede genoegsame verantwoordelikheid toon. In Zimbabwe, Mosambiek en Zambië is die ouderdom vir toestemming 18 jaar.

Is 14 die regte ouderdom om kinders toe te laat om mediese toestemming te gee? Dit kan soms afhang van die situasie. Oorweeg die voorbeelde hieronder:

- ☉ 'n Seun van 10 is sterwend aan kanker. Hy het nog een maand om te lewe. Moet hy toegelaat word om te besluit oor die behandeling wat hy ontvang?
- ☉ 'n Meisie van 17 wil groter borste hê. Moet sy toegelaat word om te besluit oor kosmetiese chirurgie?

Daar is verskeie opsies wat in die wet opgeneem kan word:

1. Stel net een ouderdom vas vir alle tipes mediese toestemming.
2. Baseer die reg om mediese toestemming te gee op elke individuele kind se begripsvermoë.
3. Baseer die reg om mediese toestemming te gee op die kind se ouderdom en sy begripsvermoë.
4. Stel verskillende ouderdomme vas vir verskillende tipes mediese behandeling.

(2) Toegang tot voorbehoedmiddels

Die woorde *mediese behandeling* sluit waarskynlik toegang tot die meeste tipes voorbehoedmiddels in. Dit beteken dat kinders onder 18 tans toestemming van 'n ouer of voog moet hê as hulle 'n voorbehoedmiddel wil hê. Toegang tot manlike en vroulike kondome word nie deur hierdie reël geraak nie, maar dit geld vir voorbehoedpille, inspuitings, intra-uteriene apparate (IUA's) en ander vorms van voorbehoeding. Die nuwe wet maak 14 die ouderdom vir toegang tot voorbehoedmiddels wat kwalifiseer as mediese behandeling.

Mag kinders toegang tot voorbehoedmiddels hê sonder die toestemming van hulle ouers? Op watter ouderdom mag dit gebeur? 'n Paar argumente vir en teen die vraag of kinders toegelaat moet word om toegang tot voorbehoedmiddels te hê word in die tabel hieronder aangedui.

Jong mense BEHOORT NIE toegang tot voorbehoedmiddels te hê nie
As kinders nie toegang tot voorbehoedmiddels het nie, sal hulle nie seks hê nie.
As ouertoestemming vereis word, kan die ouer die geleentheid gebruik om die kind op te voed oor die gevare wat seks inhou, en seker te maak dat die kind die mediese risiko's verbonde aan sekere voorgeskrewe voorbehoedmiddels verstaan.
Sommige voorbehoedmiddels, soos die pil, kan gesondheidsgevaare inhou. Kinders sal nie hierdie gevare sonder ouervoorigting verstaan nie.
Kinders sal nie die voorbehoedmiddels met verantwoordelikheid gebruik nie – hulle kan vergeet om die pil elke dag te drink, of hulle kan die kondome onderstebo aansit.
Jong mense BEHOORT toegang tot voorbehoedmiddels te hê
Baie kinders sal seks hê ongeag of hulle toegang tot voorbehoedmiddels kan kry of nie.
As 'n kind ouertoestemming moet vra, sal hy nie voorbehoedmiddels gebruik nie. Dit beteken dat die geleentheid om seks te bespreek hom nooit sal voordoen nie. In plaas daarvan moet die ouer of versorger by elke gepaste geleentheid oor veilige seks praat. Die kind behoort ook inligting oor gesinsbeplanning by die kliniek te kan kry.
Die dokter wat die pil voorskryf, moet die risiko's daaraan verbonde duidelik uitspel en moet nie die medikasie voorskryf as hy of sy nie seker is dat die kind die risiko's verstaan nie.
Kinders het seks, daarom moet iets gedoen word om hulle teen swangerskap en seksueel-oordraagbare infeksies te beskerm. Hulle kan onderrig word in die gebruik van voorbehoedmiddels deur baie verskillende kanale.

Wat doen ander lande?

Ghana se beleid is om voorbehoedmiddels en voortplantingsgesondheidsdienste aan jeugdiges en alle paartjies wat seksueel aktief is te verskaf, ongeag hulle ouderdom. In Zimbabwe is klinieke veronderstel om voorbehoedmiddels te verskaf aan mense bo 16. In Suid-Afrika kan kinders toegang hê tot voorbehoedmiddels vanaf die ouderdom van 12.

(3) Toestemming vir mediese toetse

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet stel voor dat kinders wat 14 jaar is OF kinders wat verantwoordelik genoeg is om die implikasies daarvan te verstaan, MIV-toetse kan ondergaan. Dit beteken dat 'n verantwoordelike tienjarige kind toestemming mag gee vir 'n MIV-toets. Die konsepwet sê die toets mag net gedoen word indien die kind voor en ná die toets behoorlike berading ontvang.

Wat doen ander lande?

In Suid-Afrika kan 'n kind bo 12 instem tot 'n MIV-toets. In die Verenigde State van Amerika laat die meeste state toe dat minderjarige instem tot toetsing en behandeling vir alle tipes seksueel-oordraagbare infeksies.

Omdat Namibië se voorgestelde wet sê 'n kind kan 'n toets hê op ouderdom 14 OF as die kind verantwoordelik genoeg is, beteken dit dat dit "makliker" is vir 'n kind om in te stem tot 'n MIV-toets as om toestemming te gee vir ander mediese prosedures. Is dit die regte benadering?

Die ouderdom vir toestemming vir 'n MIV-toets sal nie die reg van 'n ouer of voog verander om 'n kind vir MIV te laat toets nie. Byvoorbeeld, selfs as 'n negejarige meisie nie verantwoordelik genoeg is om self 'n besluit te neem om getoets te word nie, kan haar ouers toestemming gee, sou so 'n toets nodig wees.

BESPREKINGSPUNTE

Toestemming tot mediese behandeling

- ☉ Moet toestemming afhang van (1) ouderdom, (2) die verantwoordelikheid van elke individu, (3) ouderdom plus verantwoordelikheid, (4) die tipe behandeling of (5) 'n ander faktor?
- ☉ As verantwoordelikheid geëvalueer moet word, wie sal daarvoor besluit? Sal dit byvoorbeeld die dokter wees?
- ☉ As die wet 'n ouderdom neerlê vir toestemming tot mediese prosedures, wat moet die ouderdom wees?
- ☉ Moet verskillende reëls geld vir mediese behandeling en chirurgiese operasies?

Toegang tot voorbehoedmiddels

- ☉ Op watter ouderdom is 'n kind oud genoeg om 'n besluit te neem rondom die gebruik van voorbehoedmiddels sonder die ouer se toestemming?
- ☉ Moet verskillende reëls geld vir toegang tot kondome as vir toegang tot ander vorms van voorbehoeding (soos die voorbehoedpil)?

Toestemming vir toetsing

- ☉ Op watter ouderdom moet 'n kind in staat wees om in te stem tot 'n MIV-toets sonder sy ouer se toestemming?
- ☉ Moet dit makliker wees vir 'n kind om toestemming te gee vir 'n MIV-toets as vir ander mediese tussenkomst?
- ☉ Kinders wil dalk nie hê hulle ouers moet weet van enige mediese sake wat verband hou met seksuele aktiwiteite nie. Moet daar soortgelyke bepalinge wees vir swangerskaptotse en toetsing vir ander seksueel oordraagbare infeksies as vir MIV-toetsing?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Pos adres: Posbus 604, Windhoek





LYFSTRAF

Wat is lyfstraf?

Lyfstraf is wanneer 'n gesagspersoon fisieke krag gebruik met die bedoeling om pyn te veroorsaak as 'n vorm van dissipline. Lyfstraf aan kinders sluit gewoonlik dinge in soos klap, slaan, pak gee, of die kind met die hand, 'n stok of 'n gordel hou toedien. Dit kan ook ander dinge insluit soos skop, rondruk, knyp of brand.

Dissipline is bedoel om iemand die verskil tussen reg en verkeerd te leer, nie om besering te veroorsaak nie. Dit is nooit nodig om pyn toe te dien om iemand te dissiplineer nie. Daar is baie ander vorms van dissipline wat 'n baie groter uitwerking het.

Die gebruik van lyfstraf word nie in Namibiese skole toegelaat nie, alhoewel dit nog in sekere gevalle aangemeld word. Die Namibiese Hooggeregshof het bepaal dat lyfstraf in skole 'n skending van die kind se grondwetlike reg tot menswaardigheid is.

Lyfstraf word in baie huise toegepas. Gevalle is in Namibië aangemeld waar uitermate fisieke geweld tuis teen kinders gebruik is. Daar is gevalle waar kinders ernstig beseer of gebrand is. Kinders is selfs doodgeslaan.

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet

Die wet op lyfstraf in die huis word tans hersien omdat:

- ☉ kinders in Namibië ernstig beseer en gedood is deur “straf”
- ☉ die Namibiese Grondwet bepaal dat “niemand aan marteling of wrede, onmenslike of vernederende behandeling of straf blootgestel (mag) word nie”, en dit sluit kinders in
- ☉ Namibië internasionale konvensies onderteken het wat vereis dat die gebruik van lyfstraf aangespreek word.

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet bepaal dat enige persoon wat beheer het oor kinders, insluitend die kind se ouers, die kind se reg tot fisieke integriteit moet respekteer. Om fisieke integriteit te respekteer beteken om liggaamlike beserings te voorkom. Dit beteken dat om 'n kind te straf nie lyfstraf sal insluit nie.

Die nuwe wet verbied ook die gebruik van fisieke krag om 'n kind te straf by enige versorgingseenheid waar kinders versorg word (insluitend kinderhuise, kindertuine en dagsorgsentrums).

Die doel van hierdie maatreëls is om mense wat vir kinders sorg aan te moedig om ander vorms van dissipline te gebruik. Die wet is **nie** daarop gemik om vervolging van ouers vir kleiner oortredings te wettig nie.

Waarom is lyfstraf 'n probleem?	
Lyfstraf kan oorgaan in ernstige fisieke mishandeling.	Kinders wat aan lyfstraf blootgestel word, sal waarskynlik geweld gebruik as hulle volwassenes is.
Lyfstraf leer kinders dat geweld 'n aanvaarbare manier is om probleme op te los.	Lyfstraf leer nie vir kinders waarom hulle gedrag verkeerd was nie.
Lyfstraf leer kinders dat dit toelaatbaar is om geweld teen iemand wat jy liefhet te gebruik.	Lyfstraf kan die verhouding tussen 'n kind en sy ouers of versorger vernietig.
Lyfstraf maak kinders meer aggressief teenoor ander kinders.	Lyfstraf kan selfrespek skade aandoen deur die slagoffer bang, hartseer, skaam of nikswerd te laat voel.
Kinderdissipline is baie belangrik – daarsonder sal die gemeenskap baie probleme hê. Die vraag is nou: Watter soort dissipline is die effektiwste?	

Wat doen ander lande?

Ten minste 25 lande het alle vorme van lyfstraf verbied, insluitend lyfstraf in die huis. Swede was die eerste land wat alle lyfstraf en ander vernederende behandeling van kinders onwettig verklaar het. Die nuwe wet het gehelp om 'n dramatiese verandering in publieke opinie te bring.

Beperkings teen lyfstraf op kinders wat in Swede in 1979 opgelê is het gehelp om die publiek se houding te verander, sodat meer mense lyfstraf teengestaan het.



Alternatiewe vir lyfstraf

Daar is baie ander maniere waarop kinders gestraf kan word. Hier volg vier voorbeelde:

- (1) **Verduidelik die probleem.**
- (2) **Laat kinders verantwoordelikheid vir hul optrede neem:** Byvoorbeeld, as die kind iets gebreek het, moet hy of sy dit regmaak.
- (3) **“Uitsluiting”:** Partykeer raak kinders baie opgewonde en dit kan aanleiding gee tot swak gedrag. Dit kan werk om die kind uit die kamer te neem – sodat hy of sy kan kalmeer, stilsit en nadink oor wat hy of sy verkeerd gedoen het.
- (4) **Neem voorregte weg:** Die straf kan wees om nie televisie te kyk nie, nie by maatjies te gaan speel nie of nie sakgeld te kry nie.

BESPREKINGSPUNTE

- ☉ Wat moet die nuwe wet bepaal oor hoe kinders gestraf moet word?
- ☉ As minder ernstige fisieke straf soos 'n pak slae wel toegelaat word, hoe kan kinders beskerm word teen fisieke mishandeling? Byvoorbeeld, sommige lande verbied “die gebruik van geweld” of “aanranding” teen kinders in enige vorm, of dissipline wat “fisieke of sielkundige leed” veroorsaak.
- ☉ Wat is die beste metode vir die openbare bewusmaking van alternatiewe vorms van dissipline wat meer doeltreffend en beter is vir kinders?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Pos adres: Posbus 604, Windhoek





PLEEGSORG

Daar is ongeveer 14 000 Namibiese kinders in pleegsorg. Die meeste van hierdie kinders word versorg deur lede van die uitgebreide familie, gewoonlik vir lang periodes. Wanneer 'n kind deur 'n familielid of 'n nabye familie vriend versorg word, word dit soms verwantskap-sorg genoem. Verwantskap-sorg is baie belangrik in Namibië en dit het 'n sterk kulturele waarde. Die Verenigde Nasies se Konvensie oor die Regte van die Kind sê ook dat sorg deur uitgebreide familie lede die volgende beste opsie is indien ouerlike sorg nie moontlik is nie.

Die huidige wet is op 'n ander seining van pleegsorg gebaseer. Dit is gebaseer op die beginsel dat pleegsorg na gevalle verwys waar mense wat vreemd aan die kind is dan vir 'n kort tydelike periode sorg oor die kind kry tot tyd en wyl die kind liefers terug kan keer na sy tuiste of vir aanneming opgegee word.

Voorgestelde wet

Soos die huidige wet, het die voorgestelde wet ook net een kategorie van pleegsorg, ongeag of dit vir langtermyn of korttermyn periodes is en ongeag of dit uitgebreide familie lede of ander mense betrek.

In terme van die voorgestelde wet, moet voornemende pleegouers aansoek doen deur die maatskaplike werker van die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn. Die maatskaplike werker moet die omstandighede ondersoek en 'n verslag saamstel. Kinders kan slegs in pleegsorg geplaas word nadat die hof bevind het dat die kind 'n behoefte het aan beskerming, en dit gebeur op die basis van nog 'n maatskaplike werker verslag.

In die meeste gevalle, mag 'n pleegouer net drie kinders in pleegsorg neem, tensy die kinders broers en susters is of daar 'n ander baie goeie rede is om meer kinders in pleegsorg toe te laat. Kinders moet normaalweg geplaas word met pleegouers van dieselfde kultuur, geloof en taal as die kinders. Pleegouers moet ten minste elke tweede jaar deur maatskaplike werkers gemonitor word al is die pleegsorgplasing ook permanent. Dit beteken

dat 'n verwante familielid wat sorg oor die kind neem as n "pleegouer" gemonitor sal word deur 'n maatskaplike werker al het die kind ook vir baie jare met die familie geleef.

Die verdeling van regte en verantwoordelikhede tussen die kind se ouers of voog en die pleegouers sal bepaal word deur die aanvanklike plasingsoorder of deur 'n ooreenkoms tussen die pleegouers en die biologiese ouers. Hierdie voorstel is 'n verandering van die huidige wet, wat aan die pleegouers outomatiese mag gee om alle dag-tot-dag besluite rondom die kind te maak.

SAKE VIR BESPREKING

☉ Moet daar aparte definisies en voorsienings vir korttermyn pleegsorg, langtermyn pleegsorg en verwantskap-sorg wees?

- ☉ Moet daar 'n makliker proses wees om verwantskap-sorg goed te keur?
- ☉ Moet daar minder monitor van verwantskap-sorg deur maatskaplike werkers wees?
- ☉ Moet daar minder monitor van permanente pleegsorgplasing wees as van die tydelikes?

Verskillende aansoeke en monitor-prosesse vir verskillende kategorieë van pleegsorgouers mag help om die las op maatskaplike werkers te verlig.

☉ Wat moet die wet sê oor besluitneming deur pleegouers?

- ☉ Watter besluite mag pleegouers in staat wees om oor die kind te neem?
- ☉ Watter besluite moet slegs die biologiese ouers/die hof in staat wees om te maak?
- ☉ Moet 'n permanente pleegouer verskillende regte en verantwoordelikhede hê as 'n tydelike pleegouer?

☉ Wat moet die maksimum getal kinders in die pleegsorg van 'n persoon of egpaar wees?

Pleegsorgtoelae

Die reëls en regulasies vir toelae vir kinders in Namibië is gekompliseerd:

- ☉ 'n Biologiese ouer kan onderhoudstoelae van die staat kry indien die ander ouer dood is, vir ten minste ses maande in die tronk is of in ontvangs van 'n ouderdomspensioen of ongeskiktheidstoelaag is, solank die inkomste van die ouer wat die aansoek doen minder as N\$1 000 per maand is. Hierdie toelaag is N\$200 per maand vir die eerste kind en dan N\$100 per maand vir elke addisionele kind, vir 'n maximum van ses kinders.
- ☉ 'n Pleegouer kan 'n toelaag van N\$200 per maand kry vir die eerste pleegkind en dan N\$100 per maand vir elke addisionele pleegkind. Daar is geen middeletoets nie.
- ☉ Mense wat 'n kind aanneem kwalifiseer nie vir enige toelae nie.

Die voorbeelde hieronder, illustreer sommige van die moeilikhede wat binne hierdie sisteem kan ontstaan:

Sarah leef met haar tante Ruth vir 10 jaar. Ruth het 'n goeie werk en het baie geld vir luukshede. Na agt jaar registreer Ruth as 'n pleegouer en ontvang huidige 'n pleegsorgtoelae vir Sarah.

Terwyl sommige mense pleegouers word uit die opregte begeerte om kinders te help, is dit moontlik dat sommige mense mag aansoek doen om die pleegouers van 'n kind te word bloot vir die pleegsorgtoelae.

SAKE VIR BESPREKING

- ☉ Affekteer pleegsorgtoelae mense se besluit om 'n kind te versorg of nie?
- ☉ Moet daar 'n middeletoets vir pleegsorg wees of moet die toelaag eenvoudig aan alle pleegouers beskikbaar gestel word?
- ☉ Indien daar met pleegsorgtoelae weggedoen word of hulle slegs aan baie arm huishoudings voorsien word, sal minder mense gewillig wees om as pleegouers te dien?
- ☉ Moet verwante familie lede wat as pleegouers dien
 - ☉ dieselfde pleegsorgtoelae ontvang as enige ander pleegouers?
 - ☉ 'n laer pleegsorgtoelae ontvang as vreemdelinge wat vir die kind sorg?
 - ☉ geen pleegouertoelaag ontvang?
- ☉ Pleegouers kan toelae ontvang maar aanneem-ouers nie. Ontmoedig dit pleegouers om kinders aan te neem?
- ☉ Moet daar 'n beperking wees op die tydperk wat pleegouers toelae ontvang of moet pleegsorgtoelae aangaan totdat die kind die ouderdom van 18 (of 21) bereik?
- ☉ In plaas van pleegsorgtoelae, moet daar 'n algemene onderhoudstoelaag vir kinders wees vir enige iemand wat op 'n langtermyn basis 'n kind versorg? Indien hierdie benadering aanvaar word, moet die toelaag slegs aan huishoudings met inkomstes onder 'n sekere bedrag gegee word, of aan alle kinders in sekere ouderdomsgroepe beskikbaar gestel word?

**U KAN HELP
OM DIE
VOORGESTELDE
KINDERSORG- EN
BESKERMINGS WET
TE VERBETER**

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek





AANNEMING

Artikel 14 van die Namibiese Grondwet sê:

Die familie is die natuurlike en fundamentele groepeerheid van die samelewing en is geregtig op beskerming deur die gemeenskap en die staat.

Aanneming is 'n waardevolle manier om kinders die voordele van 'n familie te gun wat andersins nie aan hulle beskikbaar is nie. Nogtans word slegs 'n klein aantal Namibiese kinders (omtrent 80) elke jaar aangeneem. In vergelyking was daar tot en met Februarie 2009 14 000 kinders in pleegsorg. Is die reëls en regulasies geassosieër met aanneming van 'n kind in Namibië te moeilik, of is daar ander redes hoekom aanneming in Namibië nie algemeen is nie?

Wie moet in staat wees om 'n kind aan te neem?

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet stel voor dat die volgende persone in staat moet wees om 'n kind aan te neem:

- ☉ 'n man en vrou wie nie verwant aan die kind is nie
- ☉ 'n stiefouer ('n persoon wat getroud is met een van die ouers van die kind)
- ☉ pleegouer/s van die kind
- ☉ 'n weduwee of wewenaar
- ☉ 'n geskeide of ongetroude persoon
- ☉ 'n persoon wat verwant aan die kind is

In Angola, mag 'n enkel persoon of 'n paartjie 'n kind aanneem. Die paartjie hoef nie getroud te wees om 'n kind aan te neem nie. Elders, soos in Chile, mag slegs getroude pare 'n kind aanneem. In Kenia mag 'n enkel persoon 'n kind van dieselfde geslag aanneem. Wat moet Namibië doen?

Hoe oud moet 'n aanneem-ouer wees?

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet sê dat 'n aanneem-ouer meer as 18 jaar oud moet wees. Dit sê nie of daar 'n spesifieke ouderdomsgaping tussen die aanneem-ouer en die kind moet wees nie. Die huidige Wet in Namibië (Die Kinderwet van 1960) sê dat 'n aanneem-ouer 25 jaar oud moet wees, tensy die aanneem-ouer 'n familie verband of stiefouer van die kind is. Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet vereis ook 'n 25 jaar ouderdomsgaping tussen die aanneem-ouer en die kind in sommige gevalle, soos waar ongetroude persone kinders van dieselfde geslag wil aanneem.

Kenia en Ghana vereis dat aanneem-ouers ten minste 25 jaar oud moet wees en ten minste 21 jaar ouer as die kind moet wees as hulle nie 'n verwantskap met die kind het nie. Burundi vereis 'n 15 jaar ouderdomsgaping vir nie-verwantes. Rusland vereis geen ouderdomsgaping vir aanneming by getroude persone nie, maar 'n enkel persoon wat 'n kind aanneem moet meer as 16 jaar ouer as die kind wees. Sommige lande het 'n maksimum ouderdom vir aanneem-ouers, soos byvoorbeeld die maksimum ouderdom van 65 in Kenia en 60 in Griekeland. Wat moet Namibië doen?

Wat van kulturele en geestelike waardes?

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet stel voor dat 'n kind in enige van die volgende omstandighede aangeneem mag word, as:

- ☉ die kind nie ouers, voogde of 'n versorger het wat gewillig is om die kind aan te neem nie OF
- ☉ as die besonderhede van die kind se ouers of voog nie verkrygbaar is nie OF
- ☉ die kind verlaat is OF
- ☉ die kind in sorg is van 'n permanente alternatiewelike plasing.

Die wetsontwerp sê dat die kind se identiteit, taal en kulturele en geestelike verbande sover as wat dit moontlik is tydens aanneming behou moet word. Tewel hierdie standaard belangrik is, moet dit nie vergeet word dat die kind se beste belange die belangrikste kriteria is.

Byvoorbeeld, veronderstel die wetsontwerp sê dat die kind 'n baie sterk band met nabye familie-vriende het wat deel van 'n verskillende kulturele- en taalgroep is. As die kind se ouers in 'n motorongeluk sterf en daar nie nabye uitgebreide familie lede is nie, mag dit in die beste belange van die kind wees om aangeneem te word deur nabye familie-vriende, ten spyte van hulle kulturele verskille.

Wie moet toestemming gee vir 'n kind om aangeneem te word?

Die wetsontwerp sê dat toestemming vir aanneming normaalweg deur albei ouers gegee moet word, ongeag of die ouers getroud is. Maar toestemming van 'n enkel pa word slegs vereis waar hy alreeds vaderskap erken het (soos waar hy onderhoudstoelae betaal of waar hy as pa van die kind op die geboortesertifikaat genoem word.) Toestemming word ook nie vereis van 'n ouer wat:

- ☉ verstandelik onbevoeg is om toestemming te gee nie
- ☉ 'n kind verlaat het
- ☉ nie gevind of geïdentifiseer kan word na redelike pogings nie
- ☉ die kind aangerand of verwaarloos het
- ☉ in die afgelope jaar herhaaldelik nie daarin slaag om ouerlike verantwoordelikhede teenoor die kind na te kom nie in die afgelope jaar
- ☉ nie daarin slaag om binne 30 dae van ontvangs op die kennisgewing van 'n aanneming te reageer nie.

Waar aanneming in die beste belange van die kind is, of waar toestemming onredelik weerhou word, kan die Kinderhof sonder toestemming 'n plasing beveel. Voordat hierdie besluit gemaak word, neem die Kinderhof die verhouding tussen die ouer en die kind oor die afgelope twee jaar in ag, asook hulle potensiaal vir 'n goeie toekomstige verhouding.

Die besluit om 'n kind vir aanneming op te gee is 'n baie moeilike een. Daarom is daar 'n 60 dae "wagperiode" nadat toestemming gegee is. Die kind sal normaalweg by die aanneem-ouers bly gedurende hierdie tyd, maar kan terugkeer na die geboorte-ouers indien die toestemming tot die aanneming teruggetrek word.

Argumente **teen** 'n 60 dae wagperiode:

- ☉ Die onsekerheid gedurende hierdie periode is traumaties vir beide die aanneem- en die geboorte-ouers, asook vir die kind.
- ☉ Die wagperiode kan die verbintenissen tussen die aanneem-ouers en die kind belemmer.
- ☉ Dieselfde kan bereik word deur geboorte-ouers te beraad om te verseker dat hulle hul besluit deeglik oorweeg het.

Argumente **vir** 'n 60 dae wagperiode:

- ☉ Die omstandighede van die geboorte-ouers mag verander en kan veroorsaak dat hulle die toestemming tot aanneming onttrek.
- ☉ 'n Maatskaplike werker kan die plasing waarneem om te sien of daar 'n behoorlike verbintenis plaasvind voordat die aanneming gefinaliseer word.
- ☉ 'n Lewenslange besluit soos aanneming moet versigtig oorweeg word nadat behoorlike berading plaasgevind het
- ☉ Een skikking mag 'n korter wagperiode (soos 30 dae) wees.

Het die kind 'n rol in die besluit?

As die kind 14 jaar of ouer is en voldoende volwassenheid het, en as die kind se ontwikkelings stadium so is dat die kind verstaan wat aangaan, dan moet hysy toestemming tot die aanneming gee; jonger kinders moet ook toestemming tot hulle eie aanneming gee as hulle 'n voldoende ouderdom, volwassenheid en ontwikkelings stadium bereik het.

Hoe moet tussen-landse aannemings hanteer word?

Tussen-landse aannemings het algemeen geword na die Tweede Wêreld Oorlog toe baie lande met oorlogweeskinders gelaat was, maar bronne te beperk was om vir hulle kinders binne die land te sorg. Tussen-landse aannemings het baie populêr begin word in die tussen 1970 en 1990, as 'n manier om kinders aan paartjies te gee wat nie kinders van hulle eie kon voortbring nie.

Die vergrote aanvraag om kinders aan te neem het gelei tot probleme soos kinder-ontvoering en baba-verkoopsmarkte. Met die VIGS epidemie wat so baie lande affekteer, word tussen-landse aanneming deur sommige mense gesien as 'n manier om in die beste belange van weeskinders te voorsien in omstandighede waar die uitgebreide familiebande afgebreek is of waar die uitgebreide familie alreeds oorbelaas is.

Bekommernisse oor hierdie probleme het gelei tot die Den Haag Konvensie oor Tussen-Landse Aanneming, waar 'n internasionale ooreenkoms vir die eerste keer geteken is in 1993. Dit maak voorsiening vir prosedures vir tussen-landse aanneming met die doel om misbruik te verhoed soos ontvoering, uitbuiting, verkoop en handeldryf van kinders. Die ooreenkoms vereis dat aanneming slegs oorweeg moet word nadat opsies om 'n kind te plaas ondersoek is binne die kind se geboorteland. Dit is so ontwerp om seker te maak dat tussen-landse aanneming op die kind eerder as op die volwasse gefokus is.

Baie lande het hierdie ooreenkoms geteken. Namibië het dit nog nie geteken nie, maar mag so doen in die toekoms. Die Hooggeregshof in Namibië het in 2004 bepaal dat dit ongrondwettig is om 'n onbeskrewre reël te hê wat buitelanders verhoed om Namibiëse kinders aan te neem, omdat aannemings soms dalk die beste familie-omgewing vir die kind voorsien. Die Hague Ooreenkoms sal 'n raamwerk vir tussen-landse aannemings voorsien wat die beste belange van die Namibië se kind sal beskerm.

Sommige lande vereis dat buitelanders wat 'n kind wil aanneem eers bande met die kind se geboorteland ontwikkel. Byvoorbeeld, sommige lande vereis van buitelanders om in die kind se geboorteland te bly vir 'n sekere tydperk voordat die aanneming gefinaliseer kan word (een maand in Madgaskar, drie maande in Kenia, 12 maande in Zambië en drie jaar in Uganda – alhoewel die hof 'n uitsondering op hierdie reël kan maak waar dit in die beste belange van die kind is.) Wat moet Namibië doen?

SAKE VIR BESPREKING

- ☉ Waarom word so min kinders in Namibië aangeneem? Is daar 'n behoefte vir ander opsies van permanente sorg, wat nie die einde van alle wetlike bande tussen kind en die kind se geboorte-ouers vereis nie?
- ☉ Moet enkel persone toegelaat word om kinders van dieselfde geslag aan te neem?
- ☉ Moet ongetroude pare in staat wees om 'n kind gesamentlik aan te neem? Wat van diene wat 'n kind gesamentlik wil aanneem, soos 'n broer en suster?
- ☉ Moet daar 'n vasgestelde minimum of 'n maksimum ouderdom vir 'n aanneem-ouer wees of 'n vasgestelde ouderdom tussen die aanneem-ouer en die aanneem-kind? Of moet dit daarop besluit word op 'n geval-tot-geval basis?
- ☉ Moet toestemming van beide biologiese ouers vereis word as hulle nie getroud is nie? Watter reëls moet toegepas word om te verseker dat die ouer wat nie so aktief in die kind se lewe betrokke is nie die aanneming onredelik blokkeer nie?
- ☉ Moet daar 'n wagperiode wees waartydens die geboorte-ouers toestemming tot die aanneming kan onttrek? Indien so, hoe lank moet die periode wees?
- ☉ Hoe kan 'n Namibiese kind se kulturele bande die beste behou word in gevalle waar 'n tussen-landse aanneming as die beste opsie vir die kind bepaal is?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek

